# Redaksioneel

## 1. NUWE PUBLIKASIE-SEKRETARIAAT

Die *Hervormde Teologiese Studies* is soos bekend 'n publikasie van die Fakulteit Teologie (Afdeling A), Universiteit van Pretoria wat uitgegee word met die finansiële ondersteuning van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Navorsings- en Publikasiekomitee van die Universiteit. Die redaksie bestaan uit alle permanentvoltydse lede van die Fakulteit, sowel as uit prof dr PS Dreyer, hoof van die Departement Wysbegeerte. Die dekaan, prof dr BJ Engelbrecht, tree as voorsitter van die redaksie op. Gedurende die afgelope aantal jare was prof dr JP Oberholzer as publikasie-sekretaris vir die keuring en redaksionele versorging verantwoordelik. Ds PM Smith, in sy hoedanigheid as kompilator van die Nederduitsch Hervormde Kerk, asook mev L Geyser, het prof Oberholzer in die tegniese sy van die versorging bygestaan. Voortaan sal die publikasie-sekretariaat bestaan uit prof dr APB Breytenbach en dr AG van Aarde. Dr Van Aarde sal in hoofsaak verantwoordelik wees vir die ontvangs en insameling van artikels, terwyl prof Breytenbach die keuring en redaksionele versorging daarvan op sy skouers neem. Hulle sal met onderlinge oorlegpleging mekaar hierin bystaan, asook met betrekking tot beplanning van algemene aard. Prof dr PS Dreyer sal, soos in die verlede, die boekbesprekings behartig.

Die redaksie betuig met groot waardering sy dank enersyds aan prof Oberholzer, ds Smith en mev Geyser, en andersyds aan prof Dreyer vir hulle netjiese en vriendelike hulp in die verlede. Daar sal met dankbaarheid steeds in die toekoms goeie gebruik van hulle medewerking gemaak word.

## 2. PROF DR GMM PELSER – DEKADE LANK (1972–1982) HOOF VAN DIE DEPARTEMENT NUWE-TESTAMENTIESE WETENSKAP (AFDELING A), UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Gedurende Julie 1982 het kollegas van prof GMM Pelser saam met die dekaan die jubileum van prof Pelser se tienjarige professoraat en hoofskap van die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap gevier. As deel van die herdenking het die Departement in Oktober 1982 'n simposium vir predikante aangebied oor *Interpretasiemodelle in evangelienavorsing.* Die referate is gebundel in 'n publikasie met bogenoemde onderwerp as titel en aan die simposiumgangers be-

skikbaar gestel. Dit is ook, ter wille van die wyere bekendstelling daarvan, vir publikasie in die *Hervormde Teologiese Studies* aangebied en dit word derhalwe in hierdie nommer opgeneem. Die kollegas en studente wil met die opdra van hulle bydraes aan hom, prof Pelser gelukwens met die bereiking van dié mylpaal en hom terselfdertyd bedank vir die deeglike en hoë peil van wetenskaplike arbeid op die terrein van die Nuwe-Testamentiese Wetenskap en die Kerk.